

10 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 10:22-42  
Fokusgedeelte: Johannes 10:25

### Geloof in God se Woord

'n Mens is van nature ongelowig. Die spreekwoord sê mos: Sien is glo. Pas nadat Jesus Hom bekend gemaak het as die “ingang vir die skape” (vs 7) en as “die goeie herder” (vs 11), het die Jode sowaar nog nie geglo nie. Hulle is nog steeds onseker (vs 24). Reguit, op die man af, sê hulle Hom toe aan Hom (vs 24): “As u die Christus is, sê dit reguit vir ons.” Hulle glo nie, omdat hulle nie van die Here se “skape” is nie (vs 26).

Geloof in Christus is deur en deur 'n gawe van die Heilige Gees! Want watter mens sal glo as die Gees hom of haar nie láát glo nie? Daarom wys Jesus die Jode in hierdie fokusgedeelte op sy werke en lewe, wat nie slegs volmaak en rein is nie, maar só weldadig. Alleen op grond van die Woord van Christus sal die mens kan glo. Die Heilige Gees gebruik die Woord van God om die gawe van geloof in mense se harte te werk (Rom 10:17). Die teëpool van geloof is eintlik “haat”, want toe Jesus die Jode hierop wys, wou hulle hom doodmaak.

Ons besit die Bybel as die volmaakte en geïnspireerde Woord van God. 'n Mens wat nie die Bybel in sy hand neem nie, kan Jesus nie as die Christus ken of selfs leer ken nie, maar as jy vandag oor die geopende Bybel besig is, sal die Here se Gees jou lei tot geloof. Dank God ook vandag vir die gawe van geloof!

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*